Publication: Plattelander

Date: Friday, September 17, 2021

Page: 3

# SA KUSOPRUIM- EN HERWINNINGSWEEK VIR GESONDE OSEANE

M. Mostert

**GANSBAAI** – Dit is weer tyd om jou hande uit jou sakke te haal, jou moue op te rol en saam met die hele wêreld rommel aan ons kuslyne op te ruim. Die Minister van Bosbou, Vissery en Omgewing, me. Barbara Creecy, het op 11 September 'n Omgewingsloopbaandag in Gansbaai, Overberg, gehou. Die departement het uitstallings gehou wat gefokus het op omgewingsloopbane. Jong personeel van die departement het praatjies gelewer oor hul eie loopbaanreise om leerders vir dié rigting te motiveer.

Die minister is vergesel van gemeenskapsleiers, vrywilligers en NGO's wat 'n vergadering by die Gansbaai Akademia bygewoon het. Minister Crecy het Sondag, 12 September, 'n kusopruim in Kleinmond gelei. Dit was die opbou na en voorloop van die SA Opruim- en Herwinningsweek wat van 13 – 18 September gehou word.

Die opruim- en herwinningsweek wil gemeenskappe aanmoedig om hul omgewing skoon te hou en hul rommel weg van stortingsterreine te hou deur te herwin en hergebruik van afvalmateriaal. Vanjaar se Opruim- en herwinningsdag SA val op 17 September en die Internasionale Kusopruimdag 'Let's do It World Clean-up Day wat op 18 September gevier word.

Plastics SA, die sambreelliggaam wat die hele plastiek-industrie verteenwoordig, vra alle Suid-Afrikaners om aan die week deel te neem. Buiten bewusmaking en ondersteuning van opruim-inisiatiewe deur swartsakke, plastieksakke, handskoene en ander nodige toerusting te skenk, is dit ook die 25ste jaar dat Plastics SA die land se deelname aan die Internasionale Kusopruim-dag, die wêreld se grootste vrywillige poging vir ons oseanse se gesonde welstand, sal koördineer.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.